

Skriflesing: Johannes 8:1-11; 1 Korinthiërs 6:12-20

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 41**

Teks: 1 Korinthiërs 6:13c;

Sing- SAMESANG: Ps 106:1,20

TYDENS EREDIENS: Ps 84:6; Ps 119:6; Ps 145:1,12

Wanneer daar oor die sewende gebod gehandel word, broeder en suster, dan is die sesde gebod steeds hieraan verbind. Ek mag nie moord pleeg nie, want die mens is na die beeld van God geskape. Nou is die mense wat na die beeld van God geskape is, hulle het nog meer ontvang- in 1 Korinthiërs 6 is die kern dat die liggaam is 'n tempel van God. Dit gaan oor die liggaam en die siel. Liggaam en siel is saam tempel. Watter geweldige geheimenis, die verbinding van siel en liggaam om tempel te vorm. Maar die huwelik werk tot hierdie geheimenis wonderlik mee. Die feit dat daar nog altyd mense gebore word, deur die saamkom van man en vrou, weer 'n verbinding wat aanleiding gee tot iets van 'n geheimenis wat woorde nie altyd kan beskryf nie. Al twee hierdie geheimenisse, die verbinding van siel en liggaam, maar ook die verbinding van man en vrou, sulke twee geweldige geheimenisse is in die sewende gebod vervat. Laat ons dit ook dadelik vandag vir mekaar sê dat die huwelik se begin en einde kan alleen Christus wees. Daar staan in Prediker 3 'n wye reeks van dinge wat sê dat elke ding het sy bepaalde tyd- en dan kan ons in die konteks van die huwelik ook plaas dat daar *is 'n tyd om te omhels en 'n tyd om vêr te wees van omhelsing.*

Prediker het maar baie keer 'n swaarmoedige klank op die werklike sin en betekenis van die lewe geplaas. Hoekom dikwels hierdie swaarmoedigheid? Broeder en suster, want die werklike volle heerlikheid van Christus, Christus wat die lewe volgemaak het, vol van genade en waarheid, dit het by die Prediker nog nie ten volle kon deurbreek nie. Wel was daar reeds huwelike, daar was ook deur die Prediker geskrywe dat jy die lewe saam met die vrou wat jy liefhet moet geniet, Prediker het dit ook so mooi gestel- *Twee is beter as een...* (Pred. 4:9), want het God die huwelik van die begin af as verbond tussen man en vrou ingestel. Soos iemand dit ook baie mooi gestel het- God skep die mens nie één-saam nie, maar twee -saam!

Die verbond wat God met die mens het dit beteken ook soveel vir die sewende gebod?

Verbond tussen mens en mens, hulle albei na die beeld van God geskape. Genesis

openbaar dit alles nog weer so aangrypend. God het by Adam gesien daar ontbreek tog nog wel iets aan sy skeppingswerk. Die Here wil in die opsig nog met sy skepping verder gaan, maar op watter unieke wyse. Die Here maak so 'n besondere variasie op die verskeidenheid in sy skeppingswerk dat geen mens self daarby sou kom nie. In die Hebreeus sê die Here hier letterlik- Ek sal vir Adam hulp maak wat teenoor hom sal wees- wat by hom sal pas. Die woord vir hulp kan ook vertaal word as *helper*...Hier staan die woord ook besonder in Ps.146 van God- *Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp*...Ps.146:5). Sy is nie maar ter wille van die man geskape nie, wie dit so verstaan ontteer die Here. Die woord van die Here maak dit duidelik dat beide man en vrou alleen tot ontplooiing kan kom waar die een nou vir die ander daar is. Anders gesê – Die man is net soveel daar vir die vrou soos die vrou vir haar man.

As God die vrou maak dan is Adam totaal passief- daar is geen aktiwiteit van die mens Adam nie. Adam is geheel en al in die Here se hande, en wanneer God die vrou skep dan word sy uit sy, sy gemaak, uit sy rib, en daardie plek word weer met vlees toegemaak. Die menslike geslag is werklik ten volle uit een bloed. Hieruit sien ons die mensheid is 'n geheel, die huwelik wys dit vir ons. God maak uit die een, twee, sodat die twee ook weer één sou kon wees. Geen duideliker eenheid kan daar wees as tussen man en vrou nie.

Die Here het dit gebou...Die Here bou haar dan tot vrou en dan staan dit so mooi in die Here se Woord. Die Here het hierdie vrou toe aan die hand gevat en haar na Adam toe gebring. Adam raak in totale vervoering, die huwelikslied wat ons al in die sesde gebod ook na verwys het plaas die waarde van lewe en haar sy vrou in één sin. *Been van my gebeente... vlees van my vlees...sy sal mannin genoem word*. Vir man is daar in die Hebreeus die woord *Isj* Nou sê Adam eintlik teenoor Eva- Ek is ISJ, jy is ISJAH- Ons hoort saam, ons hoort bymekaar!

Adam raak al hoe verder weggevoer as hy praat van hoe die man ma en pa sal verlaat, en die man sy vrou sal aanhang en hulle man en vrou dan een vlees sal wees. Nooit is daar sprake van dat Adam Eva onderwerp het nie, maar hy voeg hom by haar en sy word

aangehang staan hier letterlik., sodat hulle nie meer één-saam is nie, maar twee-saam, en die twee wat dan één vlees kan word dui op meer as net geslagtelike eenwording, maar ons kan ook vertaal dat hulle tot een eksistensie, één bestaan, hulle word tot één geskiedenis saamgevoeg. God wat twee mense bymekaar roep wat voortaan in heel hulle lewe een geskiedenis moet maak. Dit gaan om 'n liggaamlike en geestelike eenheid tussen man en vrou. Die geskiedenis wat nou gemaak gaan word deur een vlees te kon word is ook hoe God die menslike geslag gaan bou. Dit alles staan vóór die sondeval. Die huwelik is skepping van God, 'n baie duidelike instelling van God Self. Dit val ook onder die Woord van God as die Here sê dat alles wat die Here geskape het en dit was *baie goed!*

Daarom praat die Kategismus ook van die heilige staat van die huwelik. Dit het ongelukkig in die jonger vertalings van die Kategismus uitgeval, maar as ons bely dat **ons kuis en ingetoë moet lewe, sowel binne as buite die huwelik**. Om in die huwelik te wees staan in die oorspronklike teks jy is in 'n heilige staat, dat jy staan in die huwelik. So staan bv. in die Nederlandse teks- **hetsy in den heyligen houwelicken staet oft buyten denselven...**Die huwelik bly in heilige staat, al gebeur die sondeval, dit bly 'n verbondszaak.

Ja die sondeval het juis die huwelike diep geraak. Die Bybel is so eerlik en reguit daaroor. Min dinge het na die sondeval so kon ontaard soos juis die geslagtelike lewe wat deur die sonde in beslag geneem is met sy drange en hartstog. Selfs die aartsvaders, Abraham wat Hagar ook aanhang, dit bring net ellende, Jakob met Ragel en Lea en die slavinne, heelyd wys die Here se Woord hoe verwoestend die sonde op die huwelik kan werk. Dink maar aan die geskiedenis van Juda en met sy seuns en Juda by Tamar. Dit is dinge wat die Here sê en wat die Here weet hoe die instelling van die huwelik ontaard het. Daarom is God op die berg Sinai nie stil as God oor heel die lewe praat, dan praat die sewende gebod ook oor die huwelik. Die Here praat met al daardie duisende mans en vroue daar, die Here sien hulle almal raak, die Here praat met hulle elkeen ook oor hulle huwelike. Die Here weet wat in hulle huwelike aangaan. In Lev 18 dan brei die Here juis op die terrein van die huwelik nog weer verder uit spesifiek oor huweliksake en oor

kuisheid. Die Here bou as't ware weer die huwelik dat dit moet wees soos wat Hy dit ingestel het, al het daar soveel dinge verkeerd geloop.

Dit het gemaak dat as die Here vir Israel in die woestyn sy Wet gee, dan is ook hulle huwelike geteken in evangeliese lig, as verbond saak. Die volk wat uit Egipte kon uitkom, uit die slawehuis uitgelei, daar het ook van die berg Sinai woorde to beskerming, tot koestering, tot bewaring van elkeen se huwelik weerklink- *Jy mag nie egbreuk nie...* woorde wat in geweldige kompaktheid elkeen se huwelik aanspreek.

Nogtans moet ons vandag om die diepere rykdom van wat 'n huwelik is en moet wees te begryp nie net die sewende gebod by die berg Sinai na luister nie, maar u huwelik moet in Bethlehem gesluit word. Dit wat ons gehoor het, dit bedoel die Here in alle opsigte dat die volle heerlikheid van die huwelik kan alleen nou vanuit Bethlehem strek. Bethlehem en die sewende gebod moet aan mekaar verbind word.

Ons sal die sewende gebod heeltemal mis as ons na Sinai beweeg maar ons aansluitings pad is nie Bethlehem nie. Die blitse en die vuur, die donderslae en die dreuning op die Sinaiberg wat almal se huwelike ook moes in skud tot die besef – *Jy mag nie egbreek pleeg nie...* die krip in Bethlehem het eintlik op sy stille manier, maar op 'n unieke manier, met ons elkeen se huwelike te doen. Dit geld vir elkeen wat werklik die geloof ontvang het as die Here vir jou sê, man jy met jou liggaam, vrou jy met jou liggaam- liggame wat mekaar kan aanraak, mekaar kan omhels, werklik één word en wat dit dan alles insluit, huwelik, seksualiteit, genieting, voortplanting- vóór dit alles staan in 1 Kor. 6- DIE LIGGAAM IS VIR DIE HERE- *En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here, en die Here vir die liggaam.*

As die Here vir die liggaam is dan wil die Here met jou liggaam 'n pad loop, dit is dan sy tempel. Die Here sê vir ons die huwelik in die Ou Testament het nog na die volle werk van Christus verlang, maar jou en my huwelik het die volle werklikheid van Christus. Daar was nog in die Ou-Testamentiese huwelike 'n armoede, wat in die Nuwe Testamente tot volle blydschap kan kom. Die onreinheid van die mens-wees het in alles

gekleef, daarom was daar ook sovele reinigingsgebruike en seremonies wat in die Ou Testament van die hand van God kom. As 'n vrou geboorte gegee het, moes sy ook weer gereinig word voor sy na die tempel mag gekom het. Vir elke omhelsing was daar 'n offer nodig. Dit het vir almal uit die volk van God gegeld. Die verlange om 'n nuwe begin te maak was daar, maar was dit moontlik. Die gedagte van die reine wat nie uit die onreine kan voortkom nie, was huweliksgedagtes. Die mense se sonde lei tot onreinheid- selfs onreine huwelik gee die onreine geboorte, die onrein geborene, sou ook in sy jare weer die onreine huwelik moet omhels.

Iets van 'n meedoënlose kringloop, ook wat die huwelike betref het in die Ou Testament die Prediker neergedruk dat hy wel van omhelsing praat en van genieting, maar tog ook baie duidelik die ydelheid, die leegheid, die verlange na iets meer nie kon terughou nie. Toe kom die twee mense wat mekaar ook wou omhels, hulle was reeds verloof, verloof aan mekaar, maar in die Here verloof. Die Here wat hulle ook glo alles mooi en skoon kan maak, ook dan wel op die Here se tyd.

Toe die werklike omhelsing kom, Josef wil met Maria trou toe moet hy skielik besef die Prediker se woord is nou ook myne- *die Here hou hom vêr van omhelsing*. Hy word van hierdie oomblikke weggehou om met hierdie vrou te mag trou omdat wat die Here nou wil doen is reeds in haar liggaam aan die gang. Die Here laat hom nie trou nie, sodat daar uit haar liggaam, ja sy was ook toe tempel van God op besondere manier, dat uit hierdie tempel daar nou Een sal kom wat huwelike eenvoudig net nog ryker sou maak, soos wat geen huwelik in die Ou Testament kon wees nie.

Broeder en suster- hier gebeur iets geweldig. Dit teen Josef, teen Maria, maar eintlik ook vir Josef, vir Maria, ja vir jou en my wat die sewende gebod opnuut ontvang. Die Here verhinder Josef om hierdie vrou aan te hang, al is dit dieselfde Here wat gesê het dat man en vrou één moet word, die Here wat gesê het dat jy ma en pa sal verlaat om hierdie eenheid jonne te maak, nou maak die Here hier iets anders. Die Here maak iets van 'n skeiding, hierdie twee mag onder alle omstandighede nou nie een wees nie, want geliefdes en dit is waar die Here kan sê jou liggaam is vir my en Ek is vir jou liggaam,

want Hy wat die Here is gaan nou Self vlees word. Josef mag tot haar nie kom nie, sy mag tot Josef nie kom nie, want sy in haar liggaam is reeds vir die Here.

Die liggaam waaruit die Here sy eie vlees gaan aanneem. Die Here kom letterlik buite die huwelik tot geboorte dat daar in jou lewe (6de gebod), maar ook in jou huwelik (7de gebod) 'n nuwe weg mag kom. 'n Nuwe geheiligde weg... Die meedoënlose kringloop word verbreek, daar kom in ons natuur, ons vleeslike sondige natuur, die weg waarop God Homself plaas en wat God Self oor hierdie weg dit duidelik maak, hoe heilig hierdie weg is wat hierdie Kind hierdie wêreld laat betree. Vir Maria word daar duidelik gesê die Heilige uit jou gebore sal Seun van God genoem word. Maria se huwelik is uitgestel sodat haar eie huwelik dan ook voortaan op hierdie heilige weg geheilig kan word.

Die God so groot van mag en heerskappy, Hy word vlees, Hy word uit Maria gebore, en ja dit is baie belangrik *uit* haar as maagd gebore, maar Hy is nie *deur* die maagd gebore nie. Deur God het Hy vlees geword en deur God alleen. Maria net soos Josef kon niks gee nie, ja waarlik niks nie, alles wat sy toe kon hê in hierdie hele proses is dit wat sy ontvang het, sy bly maagd die volle tyd, dit alles wat sy kon ontvang, dit het God deur sy Heilige Gees haar geskenk. Sy gee niks, en daarom kan ons as kerk bely, hierdie Mens, Jesus wat vlees geword het, Hy het nou ook vir ons huwelike vlees geword, om ook ons huwelike met sy onskuld en volkome heiligheid, my sonde, ja die sonde waarmee ek ook my huwelik mag ingaan, om al daardie sondes, selfs die sonde waarin ek ontvang en gebore is om dit voor God se aangesig te bedek.

Agter hierdie vleesgeworde God, agter sy geboorte lê daar geen huwelik nie, en weet u wat is die besondere betekenis daarvan vir ons, nou kan Hy sy geboorte voortaan agter elke huwelik plaas wat daar in sy Naam sal wees. Nou is dit waarlik 'n geval van ook as ek trou, daar word seksueel verkeer, daar word kinders gebore, in dit alles bly dit geld, dat my liggaam is vir Hom en Hy is vir my liggaam. In Hom kan ons reeds gewas wees, reeds het Hy die huwelike wat Hy alleen moontlik maak so geheilig dat 'n vrou nie onrein is nie, maak nie saak watter stadium van die maand dit ook al mag wees nie, en as daar kinders gebore word, sy hoef nie van die kerk weg te bly nie, want trouens die

tempel wat sy vir God is, is nou haar liggaam. Daar hoef nie 'n tyd te wees wat sy en haar man vêr van omhelsing hoef te wees nie. Die Prediker se leegheid is volgemaak, selfs daardie kind nou uit ons huwelike gebore kan dadelik gedoop word, want hierdie kind gebore uit hierdie huwelik is reeds ook al in die bloed van Christus gewas, die doop is die teken en die beseëling daarvan.

Verstaan u dan waarom ons moes erken dat ons huwelike kan nou alleen werklik in Bethlehem gesluit word, alleen in dit wat alles daar gebeur het, al staan ek in Pretoria voor 'n kansel. Die huwelik kan gesluit word in die Naam van Hom wat nie nou net van Sinai met jou praat nie, maar ook vanuit Bethlehem kom Hy na jou toe, en Hy kan vir jou sê dat jy getroos in jou huwelik ook mag weet dat die sonde nie oor jou sal heers, al is die sondes nog so baie! Die sonde wat nie nou net onder die wet geplaas word nie, maar ook onder die wet van sy genade. Christus maak dit nou moontlik om in my omhelsing ook sy Wet te omhels, om spesifiek ook die sewende gebod te omhels...

Christus maak die omhelsing moontlik. Christus gee aan die huwelik eintlik 'n bomenslike heerlikheid. Die Prediker het nog daarby gebly dat dit vir hom lyk dat al plek waar God se heerlikheid werklik skyn was by die tempel. Die tempel was in die OT maar net 'n ou klein plekkie, in die grote land en wêreld, en dan was daar altyd ook so 'n verlange na die tempel. Die mossie kan daar sy nes bou, die swaeltjies ook, maar die mens ervaar 'n geweldige verlange dat hy eintlik op voëltjies jaloers kan raak. Psalm 84 het ook nog nie Bethlehem kon ingaan nie. Nou skuif die tempel, want dit het vlees geword. Die heerlikheid van God het ten volle die wêreld ingekom, Christus Self, en ons het sy heerlikheid kon aanskou staan daar ook. Hy dra sy heerlikheid ons vlees binne, en *so word alles van gedaante verander, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is...* Nou word nie maar net een enkele plekkie deur die Gees geheilig nie, maar ons hele vlees, ons hele bestaan word verheerlik. Die Here het vir ons gevra- dit nou vanuit 'n Bethlehem-werklikheid- méér nog vanuit die Pinkster werklikheid, die Heilige Gees is uitgestort- *Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees...*

Die verlange van die Prediker en die verlange van Ps.84 se digter, is nou weg. Hy hoef nie meer daarna te verlang om sy woning, sy nes by die altaar te bou nie, want elke verbondskindjie se wieg het nou ook 'n altaar geword. Jou huwelik waar jou siel en liggaam wil in, dan staan jy reeds by die altaar. Die Here se heerlikheid kan nou in alles aanskou word, hoeveel ook net nie in die huwelik nie?! Jy kan jou huwelik by die altaar plaas, selfs jou huweliksarbeid is deel van die werke waarvan Paulus ons kon verseker- *dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie...*

Bethlehem gee die werklike grondslag vir huweliksdankbaarheid. In Bethlehem is gebore die Saligmaker, wat ook die huwelik salig kan maak. Die God van Sinai het na Bethlehem gekom, Hy die Wetgewer en Regter, kan nou ook gesien word as ons Vader, die Vader vol van genade, wysheid en waarheid. Die vrou wat owerspel gepleeg het. Sy is seker daardie vorige nag uitgevang. Die manne is vroeg daardie môre haastig om haar na Jesus te bring. Hulle wil eintlik die Here leer, terwyl hulle nog so baie moet leer- Hulle sê vir die Here, Die Wet sê ons moet haar stenig. Wat sê U? Dit alles gebeur in die feestyd in Jerusalem. Dit is die Loofhuttefees. Jesus skry iets op die grond, Hy praat eers niks nie. Die manne raak ongeduldig want glo hulle in hierdie feestyd sy moet nie langer by die tempel staan nie, sy kan die plek onrein maak, ons moet ook nie te lank met haar te doen het nie, sy kan ons ook onrein maak. Jesus moet nou praat en klaar praat. Die Saligmaker se antwoord was- *Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.* Die Here van Bethlehem praat in sy heerlikheid. Hy praat ook met die vrou- *Gaan heen en sondig nie meer nie...*

Sien die heerlikheid van God in u huwelike raak, u wat nog buite die huwelik staan, of vanweë verlies van u lewensmaat weer daarbuite geplaas is, God het reeds met jou ook sy verbond gesluit. Hierdie gebod wat u hele liggaam, wat u diepste lewe raak, hier is so baie hieruit te leer. Het u agtergekom hoe anders die Kategismus ook hier is. By die ander Sondae uit die Wet van die Here word daar elke keer gevra – wat gebied of verbied God in hierdie of daardie gebod, maar Sondag 41 se vraag by die sewende gebod is heel anders. Hier word nie soseer gevra oor wat gebied of verbied word nie, hier word gevra- wat het jy geleer- **Wat leer die sewende gebod ons?** Hier is so baie om hieruit te

leer! Sal ons oor die onderwysing in die huwelik ooit alles kan leer? Moet dit nie by die verkeerde plekke wil gaan leer nie. In die dans/ en diskoplekke, op die TV, tydskrifte, die internet, ek sal tot môre geleentheid en plekke kan noem waar die sewende gebod van alle kante oortree word, dit kan dus soos V/A 109 sê baie sleg gaan met die sewende gebod, maar daar is 'n geheimenis wat bewaar moet word. Jou liggaam wat geheimenisvol saamgestel is- siel en liggaam verbind, God beskou dit as sy tempel, al sterf die liggaam sal dit selfs weer opgewek word, dit het ewigheidswaarde... ons liggame is lede van Christus, ons is duur gekoop, bewaar siel en liggaam rein, daarom is daar tog by ons lering 'n verbod. **Die Here verbied alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes en luste, en alles wat 'n mens daartoe kan verlei** om die sewende gebod te oortree.

AMEN

Vrae uit Sondag 41:

1. Wat word van jou liggaam ook gesê buiten die feit dat die mens na die beeld van God geskape is?
2. Watter twee geheimenisse het ons in die sewende gebod mee te make?
3. Het die huwelik in die Ou Testament (huwelike na die sondeval) al die volle heerlijkheid kon ontvang as die huwelike van die Nuwe Testament?
4. Watter swaar dinge maar ook watter mooi dinge het Prediker oor geskrywe?
5. Het die huwelik enigiets met die verbond van God te make? Motiveer.
6. Op watter wyse het die Here die vrou geskape?
7. Watter wonderlike dinge kom daar uit die skepping van die vrou nog verder na vore?
8. Kan daar 'n duideliker eenheid wees as die tussen man en vrou?
9. Wat het die een-same Adam gesê oor die feit dat hulle nou twee-saam kan wees?
10. Watter skade/s het die sondeval op die terrein van die huwelik aangerig?
11. Wat bedoel ons as daar gesê word dat jou huwelik eintlik in Bethlehem gesluit moet word?
12. Watter belangrike woorde staan daar in 1 Kor 6 oor ons liggame?
13. Hoe vergelyk die Ou-Testamentiese huwelike met die Nuwe-Testamentiese huwelike?
14. By watter geleentheid het Jesus sy eerste wonderwerk gedoen? Wat moet ons daaruit aflei?
15. Wat was Jesus se optrede met betrekking tot die vrou wat owerspel gepleeg het (vgl p.8)
16. Op watter besondere wyse word die vrae in Sondag 41 aan ons gestel?
17. Is hierdie gebod net vir mense in die huwelik belangrik? Motiveer.

